# ELS DEUR DIE OOR

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

## TEMA: SLAWERNY

## SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: DEUTERONÓMIUM 15: 12-16

**Deu 15:12 As jou broer, 'n Hebreeuse man of 'n Hebreeuse vrou, hom aan jou verkoop, moet hy jou ses jaar lank dien; maar in die sewende jaar moet jy hom as vryman van jou laat weggaan.**

**Deu 15:13 En as jy hom as vryman van jou laat weggaan, moet jy hom nie met leë hande laat weggaan nie.**

**Deu 15:14 Jy moet hom 'n behoorlike voorraad saamgee van jou kleinvee en jou dorsvloer en jou wyn pers; waarin die HERE jou God jou geseën het, daarvan moet jy aan hom gee.**

**Deu 15:15 En jy moet daaraan dink dat jy 'n slaaf in Egipteland was, en dat die HERE jou God jou verlos het; daarom beveel ek jou vandag hierdie saak.**

**Deu 15:16 Maar as hy vir jou sê: Ek wil nie van jou weggaan nie—aangesien hy jou en jou huis liefhet, omdat dit vir hom goed was by jou—**

**Deu 15:17 dan moet jy 'n els neem en dit deur sy oor en in die deur steek, sodat hy vir altyd jou slaaf word; en ook met jou slavin moet jy net so doen.**

**Deu 15:18 Dit moet nie hard in jou oë wees as jy hom as vry man van jou laat weggaan nie, want die dubbele loon van 'n dagloner het hy vir jou ses jaar lank ingedien; en die HERE jou God sal jou seën in alles wat jy doen.**

**Jakobus 1:19 So dan, my geliefde broeders, elke mens moet gou wees om te hoor, stadig om te praat, stadig om toornig te word.**

**Jak 1:20 Want die toorn van 'n man bewerk nie die geregtigheid voor God nie.**

**Jak 1:21 Daarom, doen afstand van alle vuiligheid en oorvloed van boosheid, en ontvang met sagmoedigheid die ingeplante woord, wat in staat is om julle siele te red.**

**Jak 1:22 En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie.**

**Jak 1:23 Want as iemand 'n hoorder van die woord is en nie 'n dader nie, dié is soos 'n man wat sy natuurlike gesig in 'n spieël sien;**

**Jak 1:24 want hy sien homself en gaan weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het.**

**Jak 1:25 Maar hy wat diep insien in die volmaakte wet van die vryheid en daarby bly, hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, gelukkig wees in wat hy doen.**

**Jak 1:26 As iemand onder julle meen dat hy godsdienstig is en sy tong nie in toom hou nie, maar sy hart mislei, die godsdiens van hierdie man is tevergeefs.**

**Jak 1:27 Reine en onbesmette godsdiens voor God en die Vader is dít: om wese en weduwees in hulle verdrukking te besoek en jouself vlekkeloos te bewaar van die wêreld.**

**Romeine 12:1 Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens.**

**Rom 12:2 En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.**

-o0o-

Ek seën julle in die naam van onse Here Jesus Christus en wil julle bedien met die Woord van God soos die Here dit op my hart gelê het oor slawerny.

### 1. SLAAF SE KEUSE

**Deut. 15:12 As jou broer, 'n Hebreeuse man of 'n Hebreeuse vrou, hom aan jou verkoop, moet hy jou ses jaar lank dien; maar in die sewende jaar moet jy hom as vryman van jou laat weggaan.**

Hier sien ons dit gaan oor 'n persoon wie in slawerny by sy eienaar was; dieselfde geslag, Hebreeuse mense. Na ses (6) jaar voltooi is, kom die eienaar na die slaaf toe en sê: "Jy is nou vry om weg te gaan". Sodoende gee hy die slaaf sy/haar die vryheid terug.

**Deut. 15:16 Maar as hy vir jou sê: Ek wil nie van jou weggaan nie—aangesien hy jou en jou huis liefhet, omdat dit vir hom goed was by jou—**
**Deut. 15:17 dan moet jy 'n els neem en dit deur sy oor en in die deur steek, sodat hy vir altyd jou slaaf word; en ook met jou slavin moet jy net so doen.**
**Deut. 15:18 Dit moet nie hard in jou oë wees as jy hom as vry man van jou laat weggaan nie, want die dubbele loon van 'n dagloner het hy vir jou ses jaar lank ingedien; en die HERE jou God sal jou seën in alles wat jy doen.**

Ek wil nou bietjie gesels oor die gedeelte van die slaaf wat die persoon ses jaar lank gedien het en dan kom die persoon na die ses jaar en dan gee hy vir die slaaf sy vryheid.
Hy sê: Nou kan *jy vry weg gaan*.
Maar dan sê die slaaf: "Ek wil nie van jou weg gaan nie omdat jy goed was vir my gewees. Ek wil by jou bly en jou vir altyd dien."
En dan vat hy 'n els en hy steek dit deur die oor van die slaaf vas in die deur, wat dan 'n teken is dat dié slaaf die eienaar vir altyd moet dien.
Merk op dat hierdie slaaf nie meer uit dwang of uit omstandighede 'n slaaf is nie, maar dat hul nou 'n dienaar word as gevolg van eie keuse.

### 2. VRYE EVANGELIE

***Die geestelike simboliek van hierdie gedeelte*** is dat ons almal was slawe van sonde, net soos die volk in Egipteland. God red hulle uit slawerny. Om gered te word uit slawerny gee nog nie die eienaar volkome besitreg nie. Daar moet 'n wilsbesluit wees, dit moet nie onder dwang wees nie. Netso ook met die mens. Dit is 'n vrye evangelie. Ons was almal in slawerny.

**Johannes 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.**

Die Woord sê: "So lief het God die wêreld gehad," wat beteken **almal**, nie net sommiges nie. Jesus Christus onse Here was die loskoopgeskenk van die Vader vir die ganse mensdom, maar dis nie te sê dat almal gered is nie. Dit is net hulle wat Hom aangeneem het, wat daardie keuse gemaak het om te sê: *Ek wil by U bly want U is goed vir my*. *Ek wil nie meer 'n slaaf wees nie maar ek wil 'n dienaar wees van die Almagtige God.* Dan word die els deur die oor in die deur vasgesteek.

Die simboliese teken van die **deur** is Jesus Christus. Hy is die weg, die waarheid en die lewe, niemand kan by die Vader uitkom behalwe deur Hom nie. Jesus sê in 'n gelykenis "*die skelms kom deur die venster, maar die wat regverdig, eerlik en opreg is, dié kom deur die deur."* (Joh 10)

Die **els** wat deur die oor tot in die deur vasgesteek is:

-o0o-

- is die Woord en Heilige Gees wat jy gehoor het,
- jy 'n besluit geneem het as bewys dat jy nie meer as 'n vrygemaakte slaaf weggaan nie,
- maar eerder by hierdie huis waaraan jy gewoond is, waar die persoon goed is vir jou, wil woon.

Met 'n **wilsbesluit**, neem ek Hom aan as my Verlosser en Saligmaker,
- die els word deur my oor gedruk
- en die els word dan in die deur vasgesteek

  - Met ander woorde ek **hoor** die evangelie, ek neem 'n **besluit** dat ek nie meer aan myself behoort of my eie dinge sal hoor en sien nie maar dat ek dan nou aan die Here sal **behoort**.

### 3. GEOPENDE ORE

Nou dat die els deur die oor in die deur vasgespyker is, kan ons nou sê: *"Hulle wat ore het sal hoor wat die Gees van God aan die gemeente sê."*

**Jakobus 1:19 So dan, my geliefde broeders, elke mens moet gou wees om te hoor**

Nou is die oor met die els in die deur vasgespyker, sal ons begin hoor wat die Gees van God vir ons sê, want ons ore is nou gevestig in Christus Jesus,

En dan leer ons: elke mens moet gou wees om te hoor, stadig om te praat, stadig om toornig te word. Want die toorn van 'n man bewerk nie die geregtigheid voor God nie. (Jak 1:19-20)

**Jak 1:22 En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie**.

Die Logos Woord is nou in ons oor geplaas; ons het die woord gehoor - ons het gehoor wat die Gees sê. Die beteken ons ore is nou oop en ons kan hoor.

**Jak 1:23 Want as iemand 'n hoorder van die woord is en nie 'n dader nie, dié is soos 'n man wat sy natuurlike gesig in 'n spieël sien;**

**Jak 1:24 want hy sien homself en gaan weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het.**

**Jak 1:25 Maar hy wat diep insien in die volmaakte wet van die vryheid en daarby bly, hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, gelukkig wees in wat hy doen.**

Met ander woorde:
- Jy word nie net 'n hoorder nie - jy hoor en jy doen.
- Jy is nou nie meer 'n slaaf nie - jy het vry geword.
- Jy bly in die wil van God - jy soek die wil van God elke dag van jou lewe want dit is die huis waarin jy wil bly (Jak 1:25).

Kom ons gebruik die voorbeeld van koek bak.

Ek moet jou leer koek bak en vertel jou nou die hele storie om die koek te bak en ek sê vir jou gaan nou en bak die koek.

Sal jy dit kan doen?

Jy sal dit nie kan doen nie; ek waarborg jou, jy sal dit nie kan doen nie. Ek praat nou van 'n persoon wat nog nooit 'n koek gebak het nie.

-o0o-

## 4. HEILIGE GEES HOU TOESIG

Dit is 'n onbekende pad want ons was nog nooit kinders van God nie, maar het nou kinders van God geword en nou moet ons hoor en luister. Ons is egter onder die toesig van Heilige Gees en die Heilige Gees sal ons onderrig en ons leer.

**Psalm 32:8 Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees**

- Heilige Gees neem die toesighoudende funksie op en Hy kyk wat ons doen.
- Hy gee vir ons alles, die produkte en die resep.
- Nou staan Hy by en kyk dat hierdie Logos Woord wat in ons oor gesaai is, nie net daar bly nie, want jy kan daardie resep honderd keer in jou lewe hoor en jy het nog nooit 'n dader geword nie - daar was nog nooit vrug in jou lewe gewees nie.
- En nou sê Hy, sodra jy nie meer net 'n hoorder is nie maar nou 'n dader, gelukkig sal jy wees in wat jy doen.

Die gevolg is, jy **doen die wil van God** onder leiding en toesig van die Heilige Gees.
Jy het gehoor (geluister), die els is deur die oor, maar nou word dit nie meer 'n Logos Woord nie.

- Binne in jou begin iets plaas vind en
- die saad van die Woord wat die Vader in jou in gesit het, begin nou vorm aan te neem en
- 'n realiteit te word en
- jy begin dit uit te lewe.

Jy begin nou die koek te bak, maak foute maar die foute maak nie saak nie. Dit is nie waaroor dit gaan nie. Ons leer uit ons foute. Wanneer ons foute gemaak het, weet ons om dit nie weer doen nie. Daarom is die Heilige Gees daar om ons te help, nie om ons aan te kla nie, maar om ons te **oortuig.**

### 4.1 DRA VRUG

**Jak 1:26 As iemand onder julle meen dat hy godsdienstig is en sy tong nie in toom hou nie, maar sy hart mislei, die godsdiens van hierdie man is tevergeefs.**

Die volgende vind plaas.
Sodra:
- hierdie evangelie in jou ingesit is,
- hierdie saad in jou geplant is,
- hierdie bestanddele (ingredients) van die koek nou in jou geplaas is,

moet jy die vrug voort bring van al hierdie dinge wat in jou ingesit is en
moet jy nou begin 'n produk oplewer!

### 4.2 DIE RHEMA WOORD

Dit beteken dat die Logos Woord wat in jou geplaas is, die Rhema Woord, uit jou vloei sodat jy vrug oplewer. Onthou wat ons in die begin gesê het, hy was 'n slaaf, hy wil nie vry weg gaan nie, hy wil nou bly daar en hy wil nou 'n dienskneg word. Hy wil nou die persoon dien want die persoon is goed vir hom, so hy bly daar. Met ander woorde **as jy 'n dienskneg is, dan moet daar 'n resultaat wees op jou dienswerk**. 'n Vrug moet uit jou lewe voortkom van dit wat in jou ingeplaas is.

-o0o-

Nou wat is hierdie resultaat? Vers 27 is die resultaat. Dit is die Rhema Woord.
Die Heilige Gees omskep hierdie Logos Woord wat in ons geplaas was, in 'n lewende woord wat vrug dra. Dit nie 'n dooie evangelie nie, maar 'n lewende woord. Nou begin dit vrug dra. En kyk nou wat is die resultaat.

***Jak 1:27 Reine en onbesmette godsdiens voor God en die Vader is dít: om wese en weduwees in hulle verdrukking te besoek en jouself vlekkeloos te bewaar van die wêreld.***

Kyk die resultaat!
Mense ondersoek jouself! Waar staan jy?

- Bring jou lewe regtig al vrug voort?
- Is daar al regtig al iets in jou lewe wat jy kan sê dat mense kan God loof en prys, Hom eer en Hom dien, omdat jou lewe hulle paaie gekruis het?
- Kan mense regtig God daardeur verheerlik?

## 4.3 DADERS VAN DIE WOORD

Ek wil jou vat na Romeine 12.
Vers 1 begin ons sommer mee en daarmee wil ek hierdie lesing afsluit.. Onthou ons praat nou nie meer van slawe nie, ons praat nou van mense wat die besluit gemaak het. Die els is deur die oor gesit, binne in die deur vasgesteek.

Ons hoor, maar ons is nie meer hoorders nie - ons word nou daders!
Daar word saad, die bestanddele (ingredients) deur die Heilige Gees in ons lewe gesit.

- Ons moet vrug vir hierdie wêreld oplewer, want onthou,
- ons is nie nou meer hier vir onsself nie -
- ons is nou hier sodat Christus Jesus ons Here Homself kan openbaar deur ons in hierdie wêreld, sodat hulle Hom in ons lewe kan sien!

**Romeine 12:1 Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens.**

Met ander woorde dit beteken **alles.** Dis nie net 'n bietjie nie.
Handelinge 5 Ananías sy vrou Saffíra. Hierdie gedeelte het gister baie by my opgekom terwyl ek fiets gery het. Hulle verkoop alles en hou 'n gedeelte terug en wat was die resultaat daarvan? Julle kan gaan kyk. Hulle slaan morsdood neer, nie omdat hulle geld terug gehou het nie maar omdat hulle vir die Heilige Gees gelieg het.

## 4.4 EINDRESULTAAT

Nou kom ons by die eindresultaat van dit wat moet gebeur. Die bestanddele is ingesit, nou moet daar iets voort kom. Met ander woorde:

- hierdie tempel van ons, hierdie liggaam van ons wat eers slaaf was
- wat nou vrygekoop is en
- die met die els deur die oor binne in die deur vasgesteek is as gevolg van eie, vrye keuse
- moet nou word ...... 'n heilige en aan God welgevallige offer.

En dan kom hierdie verskriklike harde woorde: **dit is julle redelike godsdiens.**
God ag dit maar ons redelike godsdiens:

- As ons so ver gekom het om ons hele lewe aan Hom voor te stel as 'n lewende, heilige (ons liggame) aan God welgevallige offer,
- totaal uitverkoop vir die Here,

-o0o-

- alles wat ons het, alles wat ons besit aan God behoort en sê
- Here ek wil nie van U af weg gaan nie, U was goed vir my, ek wil by U bly,
- steek daardie els deur my oor, steek my aan die deur was, ek wil by U bly.
- ek wil U dien so lank soos wat ek lewe, so lank soos wat ek bestaan op hierdie aarde.

Dan is jy veronderstel om ‘n lewende, heilige aan God welgevallige offer te wees want jy het jouself geoffer vir Hom want Hy het Homself geoffer vir jou. Dan sê die Here dit is julle redelike godsdiens.

**Rom 12:2 En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.**

**5. UITDAGING**

Toets jouself mense, toets jou teen die Woord.
Plaas jou eie lewe teen die Woord.
Sit jouself eenkant op die weegskaal en die Woord aan die ander kant van die weegskaal en toets jouself en sê: *Here is ek vanmôre al ‘n redelike welgevallige, lewende, heilige en aan God ‘n welgevallige offer? Is dit die pad wat ek geloop het, of is ek nog iewers daar een kant? Kan mense regtig die Here Jesus Christus in my lewe sien? Kan hulle regtig U deur my lewe sien? Kan mense regtig aangeraak word deur my lewe?*

Ja, klappe en aanvalle gaan ons kry, dit is vir seker - Jesus het dit ook gekry. So moenie laat dit jou terug hou nie. Dis nie waaroor dit gaan nie, dit gaan daaroor .... is jou liggaam regtig ‘n lewende, heilige en aan God welgevallige offer?
Dan kan die Here vanmôre vir jou sê: **Ja, dit is jou redelike godsdiens.**

Die Here seën vir jou
Mag die Here met julle wees.
Mag die Here julle harte seën.
Mag die Here julle lewens seën.
Mag die Here elke oor seën wat hoor wat die Gees aan die gemeente sê.

-o0o-

## Els (gereedskap)
Wikipedia

'n **Els** is 'n stuk handgereedskap wat bestaan uit 'n **staalstaaf** met 'n skerp punt aan die een kant en 'n handvatsel aan die ander kant. Dit word gebruik om klein, vlak gaatjies in voorwerpe te steek. So 'n gaatjie kan as gids dien om 'n **boorpunt** te lei. Gaatjies kan ook in sagte hout gesteek word om kleinerige skroewe vas te draai, sodat dit nie geboor hoef te word nie. Tydens die verwerking van leer word 'n els gebruik om stikgaatjies te maak.

Daar is else met ronde en met vierkantige skagte. Die vierkantige skag is nuttig om 'n gat met draaibewegings van die hand in 'n voorwerp uit te boor.



-o0o-

## DIE LOGOS EN RHEMA WOORD VERDUIDELIK

Posted on 4 Maart 2018 by Nico Visagie

Die Woord van die Here soos dit in die Bybel opgeteken is en dit wat ons lees, is die **Logos Woord**. Logos is ‘n Griekse woord wat letterlik beteken *“ek sê”*, maar dit kan ook beteken ‘n grondlegging, woord, spraak of selfs om te redeneer. Die Logos Woord soos dit in die Bybel opgeteken is, is die grondlegging van ons geloof. Dis die vleesgeworde woord van God.

Daarmee saam kom die **Rhema Woord**. Die woord Rhema is ook uit die Grieks en dit beteken letterlik om ‘n uitering te maak of om iets te sê. Die Rhema Woord is die Woord van God soos dit geopenbaar word deur die Gees van die Here.

Met ander woorde, liewe leser, die Rhema Woord is dinge wat die Gees van die Here aan ons bekend maak deur Sy Wil. Dis dinge wat die Gees van God in ons geestelike ore fluister en waardeur sekere konsepte van God se Logos Woord aan ons verduidelik word.

God se Logos Woord en Sy Rhema woord is soos ‘n perd en ‘n ruiter. Die een kan nie sonder die ander nie, maar saam vorm hulle ‘n eenheid.

-o0o-